# HOOFSTUK V.

## ONDERWYS IN KRUGERSDORP GEDURENDE DIE KROONKOLONIE-PERIODE: 1902 - 1907.

### 1. Oorskakeling na vredestydse onderwys.

#### a) Regeringsonderwys buite die konsentrasiekamp tydens die oorlog.

Hoewel die regeringsonderwys gedurende die oorlogsjare hoofsaaklik op die konsentrasiekamp toegespits was, is daar tog mettertyd op die dorpe goewermentskole gestig.

Op 14 Julie 1901 het daar twee sulke skole bestaan: een te Florida, wat deur 44 leerlinge besoek is met H. Carter en Mej. M. Lloyd as onderwysers, en 'n ander te Krugersdorp onder mej. H. van Reyneveld[1].

Die skooltjie op Krugersdorp is op 4 Junie 1901 geopen met een leerling. Ongeveer 'n maand later het S. Stuart hoof van die skool geword, onder wie se leiding dit so vinnig gegroei het dat die inskrywing in Oktober 1902 reeds oor die 400 was. As skoolgebou het gedien 'n hout-en-sinkgebou langs die N.H. of G. Kerk. Die medium van onderrig was Engels, maar Bybelse geskiedenis is in Hollands vertel aan die leerlinge wie se ouers dit versoek het[2].

Op 14 Oktober 1901 is 'n goewermentskool op Roodepoort geopen[3]. C.K. Hamman, die hoof van die vooroorlogse gesubsidieerde skool op Roodepoort, skryf[4]:

> „Toe ek in Junie 1902 van Ballingskap teruggekeer het, was Mnr. H.J. Carter etlike maande reeds besig om my plek as Hoof onderwyser in my

---

1. Report of the Acting Director of Education for the halfyear ending June 30th 1901, App. B.
2. The Krugersdorp Standard, 4 Oktober 1902.
3. Roodepoort English Medium School, Admission Book 1.
4. Meegedeel deur C.K. Hamman.

> skool in te neem .... Die Prinsipaal was 'n Nu-Seelandse eentalige soldaat. Hy wou sommer besit neem van die skool maar vind uit dat die gebou, met sy mooi Amerikaanse banke aan die N. Herv. of G. kerk behoort en die nuwe regering moes toe ook skoolhuur betaal. Op 2 Aug. 1902 is ek as Asst. Prins. aangestel. Die vorige ses maande was geen Hollands of godsdiens onderwys gegee. Later werd 'n halfuur daeliks daaraan toegestaan."

Die onderwys was gratis, elementêr en feitlik dieselfde as in die kampskole, selde verder as standerd 3. Baie van die kinders was Afrikaanssprekend en die leerkragte gedeeltelik plaaslike rekrute en origens uit Brittanje of die Britse kolonies afkomstig. Salarisse, diensvoorwaardes en leerplanne was dieselfde vir kamp en dorp[1].

b) Heropbou.

(i) Na die staking van vyandelikhede het die kampbewoners begin terugkeer na hulle woonplekke toe.

Onder die leiding van Fabian Ware is vanaf September 1902 begin met die oprigting van skole op die dorpies waar daar nog geen goewermentskole geopen was nie, en ook op die plase, ten einde die kamponderwys voort te sit. Die kamponderwysers(esse) is die een na die ander verplaas na dorp- en plaasskole en die kampuitrusting is onder die skole verdeel[2]. Die polisie („South African Constabulary") het tente opgeslaan of hout-en-sink-geboutjies opgerig wat moes dien as skoollokale en onderwyserswonings. Die vervoer is waargeneem deur die Repatriasie-afdeling.

> „The mule carts of the Repatriation Department brought books and benches, and all the simple but efficient school equipment of the

1. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 57 - 58.
2. Vogel: Education during the Milner-regime, 58 - 59.

> Camps, and above all the stores of food without which the teachers would have been in a worse plight than the Boer refugees"[1].

Moeilike dae het op die plase vir kinders en onderwysers gewag. Naturelle-arbeid was skaars, en groot en klein moes hand bysit om die in puin gelegde plase weer op te bou. Baie van die groter kinders, wat in die kamp nog op skool was, se skoolloopbaan het sodoende tot 'n skielike einde gekom. Vir die onderwysers, veral die wat nie aan 'n ongerieflike landelike lewe gewoon was nie, het dit moed geverg om die onderwys op die plase voort te sit. Sargant het die toestand soos volg beskryf[2]:

> „the country teacher with weather-beaten bell-tents pitched near to some unroofed farm house, of which only one or two rooms had been made habitable by sheets of iron nailed overhead; a smoky stove; tinned rations brought from the nearest depot; no medical comforts; no companionship, except that of the few neighbouring land-Boers and their families - the men watching the skies for signs of a cessation of the drought, the women counting endlessly the damage to their homes, the children half-cared for and scrambling for their meals. It requires courage to face conditions such as these without losing heart ........."

(ii) Ten einde die departementele werksaamhede doeltreffend uit te voer is die provinsie in elf inspeksiekringe verdeel, terwyl spesiale voorsiening gemaak is vir die stedelike gebiede Johannesburg en Pretoria. Die Witwatersrandse laerskole is geplaas onder die beheer van twee waarnemende superintendente.

---

1. Worsfold: <u>Reconstruction of the Colonies under Lord Milner</u>, 80.
2. Director of Education: <u>Public Education Report 1900 - 1904</u>, 18.

Die inspeksiekringe is in onderdistrikte verdeel met elk 'n distrikshoofonderwyser, wat opgetree het as assistentorganiseerder vir die distriksinspekteur, behulpsaam was met die stigting van plaasskole en gereeld 'n mate van inspeksie uitgevoer het[1]. In die omgewing van die dorp Krugersdorp het Harry Freeman hierdie pos beklee[2].

Die organiserende inspekteur was die spil waarom die plattelandse onderwys in hierdie jare van heropbou gedraai het. Die insiatief vir die stigting van skole moes van hom uitgaan. Hy of die distrikshoof moes die gewenste lokaliteit vir die oprigting van so 'n skool uitsoek. Hy is hierin gelei deur die aantal kinders binne bereik, geografiese ligging, watervoorraad, gewilligheid van die eienaar om grond te skenk, hulp met 'n gebou, huisvesting van die onderwyser, sy invloed in die omgewing en die bestaan van 'n skool voor die oorlog. Hy moes verder die skole voorsien van onderwysers en materiaal, probeer om alle wrywing in die kiem te smoor, sorg dra vir die gesondheid van die onderwysers en boonop die gewone inspeksiewerk verrig en ander departementele pligte nakom[3].

(iii) Die voorbereidingswerk om skole op die platteland te stig het enige maande geduur, en eers vanaf die begin van 1903 is die een na die ander geopen[4]. Op die dorpe het dit egter meestal gouer geskied.

Op aandrang van die ouers op Randfontein is daar in Julie 1902 'n skool geopen[5].

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 80.
2. Kromdraaiskool, Joernaalinskrywing.
3. Bot: Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal, 46.
4. T.O.D. Jaarverslag 1903, Bylae A.
   (Jaarverslae van die Direkteur van Onderwys, Transvaal (Hollandse, Afrikaanse of Engelse teks) word verder in hierdie verhandeling T.O.D. Jaarverslag genoem).
5. Snyman: 'n Kort geskiedenis van Randfontein en Distrik, 42.

Die skool op Krugersdorp het baie vinnig gegroei en het in Desember 1902 reeds 420 leerlinge op die rol gehad. Ongeveer 60% van hierdie leerlinge was Afrikaanssprekend. Aan 'n lang lys leerlinge in standerds 1 tot 7 is by sluiting pryse toegeken vir o.a. gereelde skoolbesoek[1]. Skoolbesoek was nie verpligtend nie en leerlinge is by wyse van pryse aangemoedig om die skool gereeld te besoek[2].

(iv) Met aandklasse is voorsiening gemaak vir jongmense en volwassenes wat onderwys wou geniet. Die Krugersdorp Standard het op 4 Oktober 1902 geskryf:

> „A night school for young people who are at work in the daytime, and for adults, has recently been opened, where the ordinary instruction in such subjects as the three R's, grammar and composition is given. Higher subjects such as mechanical drawing, shorthand, Dutch, Latin, French, bookkeeping and typewriting are also to be taught at a charge of 10sh. per month, and teachers will be provided for these subjects or any of them when a demand has been created. A shorthand class has already been started under a qualified stenographer."

2. Staatsonderwys onder die Milner-regime, 1903 - 1905.

a) Die Onderwyswet van 1903.

Lord Milner, die goewerneur van die verowerde Kroonkolonie, 'n „Imperialist of the deepest dye"[3a], met sy doelstelling „the upholding of British supremacy and the exclusion of foreign interference from the sphere of British influence in South Africa"[3], wou sy imperialistiese doelwit bereik met immigrasie en onderwys[4]. Die Republi-

1. The Krugersdorp Standard, 24 Desember 1902.
2. Vogel: Education during the Milner-regime, 3.
3a. Idem.
3. Idem.
4. Ibid., 14.

keinse Onderwyswet kon sy doel nie dien nie, en daar was behoefte en noodsaaklikheid aan 'n nuwe onderwyswet[1].

Sargant, die eerste Direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement, het in opdrag van die Luitenant-Goewerneur-in-Rade 'n onderwys-ordonnansie opgestel wat in ooreenstemming was met die Milner-beleid. Op 25 Februarie 1903 het die Wetgewende Raad van Transvaal dit goedgekeur en het Ordonnansie No. 7 van 1903 (Public Education Ordinance) die Onderwyswet geword[2].

Die hoofbeginsels van hierdie wet was[3]:

(i) Die oprigting van 'n Departement van Openbare Onderwys met 'n Direkteur van Onderwys aan die hoof; die stigting, onderhoud, inspeksie en beheer van skole;

(ii) die voorsiening van kostelose, nie-sektariese en nie-verpligte laer onderwys aan blanke kinders waar daar 'n gemiddelde skoolbesoek van minstens 30 leerlinge tussen 6 en 14 jaar is;

(iii) die stigting van hoër- en normaalskole onder staatsbeheer;

(iv) die stigting van tegniese skole op so 'n grondslag dat hul later deel van 'n doserende universiteit kon word;

(v) staatsondersteuning aan kerkskole wat behalwe gewone onderwys ook industriële onderrig aan die naturellebevolking gee;

(vi) verpligte registrasie van private skole met meer as tien leerlinge, wat tewens onderworpe is aan Departementele inspeksie en kwartaalopgawes van leerlinge en onderwysers moet verstrek;

(vii) samewerking van die kerk met die staat in verband

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 75.
2. Ibid., 76.
   Bot: Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal, 49.
3. Director of Education: Public Education Report 1900 - 1904, Bylae VIII (Ordonnansie No. 7 van 1903).

met godsdiensonderwys op skole: Boerekinders kon twee uur per week Bybelse geskiedenis deur Hollandsmedium ontvang en een uur per week dogmatiese onderwys kon, op versoek, deur predikante in Hollands gegee word;

(viii) Hollands as vak vir 3 uur per week, waar ouers dit versoek;

(ix) elke blanke kind is van staatsweë geregtig op steun vir onderwys;

(x) voorsiening van beurse aan buitegewone knap leerlinge;

(xi) skole wat onder plaaslike beheer staan moet ook finansiële verantwoordelikheid dra;

(xii) stigting van adviserende skoolkommissies;

(xiii) slegs gesertifiseerde of gelisensieerde onderwysers kan in goewermentskole diens doen.

b) Regulasies.

In verband met die Onderwyswet is daar in 1903 verskillende regulasies uitgevaardig:

(i) Skoolkommissies.

Wat die samestelling van adviserende skoolkommissies betref, is daar bepaal dat die inspekteur van skole die verkiesing reël en dat 'n kommissie sou wissel van 5 tot 12 lede. Slegs skole met 'n inskrywing van 100 of meer het vir die toegewing in aanmerking gekom. Skoolkommissies sou heelparty pligte hê maar geen noemenswaardige magte nie. Oor die benoeming van onderwysers, vasstelling van vakke en medium van onderrig het hul geen seggingskap gehad nie[1].

(ii) Skoolvakke.

In die „Provincial Code of Regulations for Elementary Schools with Schedules" het die Direkteur bepaal dat geen kind onder die ouderdom van 4 jaar toegelaat mag word nie

1. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 91 - 95.
Coetzee: Onderwys in Transvaal, 77 - 78.

en dat die skoolvakke soos volg sal wees[1]:

(a) Kleinkinderskole: Bybelse Geskiedenis, Engels lees en skryf, Hollands lees en skryf, Rekene, aanskouingslesse, kindertuin, Naaldwerk, Tekene, Sang en Liggaamsoefeninge.

(b) Hoër Afdelings: Bybelse Geskiedenis, Engels en Hollands, lees, voordrag, Skryf, Komposisie en Grammatika, Rekene, Tekene, Naaldwerk, Natuurstudie, Aardrykskunde, Geskiedenis, Sang en Liggaamsoefeninge.

(c) Die elementêre kursus kon ook een van die volgende insluit: Handwerk, Tuinwerk, Huishouding, Elementêre Wetenskap, Algebra, Meetkunde en 'n moderne taal.

(iii) Middelbare Skole.

In die „Regulations in regard to Secondary Schools" is geen vaste kursus neergelê nie, slegs minimum leergange is aangegee, naamlik Engels, twee ander tale, Wiskunde, Aardrykskunde, Teken, Kuns en Naaldwerk. Hollands is nie genoem nie. Die onderwysmedium moes Engels wees, en die onderwys is op Engelse lees geskoei[2].

c) Reaksie teen die Sargant-Onderwyswet.

Die Onderwyswet van Milner-Sargant het nie die beoogde homogene volk geskep nie maar tot 'n reaksie gelei. Meer as voorheen het die Boerevolk vasberade geword om hul volkseie: volkstradisies, taal en godsdiens, te handhaaf en C.N.O.-skole gestig om te dien as teenwig teen die Milner-anglisasiebeleid[3].

Hierdie Wet het so radikaal verskil van die Republikeinse onderwyswette dat die Afrikaners daarna baie ontevrede was. Waar by die stigting van skole onder die Republikeinse wette die inisiatief van die ouers moes uitgegaan

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1903, Bylae M.
2. Snyman: 'n Histories-kritiese studie van die Smuts-Onderwyswet van 1907, 119.
3. Ibid., 120.

het, het onder hierdie Wet die staat hulle plek ingeneem. Aan die seggenskap en ondernemingsgees van ouers is hierdeur streng paal en perk gestel[1].

Met die godsdiensbepaling, taalreëling, vervanging van vaderlandse geskiedenis met <u>The Story of the World</u> van Synge en die beperkte magte wat aan die skoolkommissies toegeken is, kon hul nie genoeë neem nie. Die gevolg was versoekskrifte aan die goewerneur, wat egter geen gunstige oorweging geniet het nie[2].

d) <u>Skole teen die einde van 1903</u>.

(i) Na die vredesluiting en veral na die nuwe wetgewing het die aantal skole en skoliere vinnig en gereeld toegeneem.

Aan die einde van 1903 was die volgende laer skoolgeldvrye regeringskole reeds vantevore geopen[3]:

| Skool | Inskrywing | Gem. besoek | Aantal Onderwysers | Skoollokale |
|---|---|---|---|---|
| Dorpskole. | | | | |
| Burgershoop | 126.5 | 98 | 5 | Skoolgebou. |
| Florida | 103.1 | 91.8 | 3 | Skoolgebou. |
| French Rand | 118.9 | 105.3 | 4 | Verskuifbare seksies. |
| Hamburg | 25 | 21.5 | 1 | Markeetent. |
| Krugersdorp | 460.6 | 387.5 | 11 | 2 Skoolgeboue en 'n saal. |
| Lancaster-Wes | 70.6 | 56.1 | 3 | Mynleeskamer. |
| Maraisburg | 139.6 | 124 | 6 | Skoolgebou. |
| Randfontein | 85.6 | 74 | 3 | Wesleyaanse kerk en kamer. |
| Roodepoort | 235.4 | 200.6 | 8 | Skoolgebou en 2 kerke. |

1. Symington: <u>Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode</u>, 80 - 81.
2. Symington: a.w., 80 - 82.
   Bot: <u>Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal</u>, 49.
3. T.O.D. Jaarverslag 1903, Bylae A.

| Skool | Inskrywing | Gem. besoek | Aantal Onderwysers | Skoollokale |
|---|---|---|---|---|
| Plaasskole. | | | | |
| Blaauwbank | 25.9 | 20.8 | 2 | Markeetent. |
| Boschkop | 20.6 | 18.2 | 1 | Markeetent. |
| Doornhoek | 24 | 21 | 1 | Markeetent. |
| Doornspruit | 20.3 | 18.9 | 1 | Markeetent. |
| Hekpoort | 68.3 | 59.3 | 4 | 2 Markeetente. |
| Kromdraai | 37.1 | 34 | 1 | Markeetent. |
| Tweefontein | 25.4 | 23.5 | 1 | Kamer. |
| Waterval-Wes | 42.6 | 15.2 | 1 | Markeetent. |
| Zwartkop | 28.1 | 26.1 | 1 | Markeetent. |

(ii) Met skoolgeldvrye skole wou Sargant die stigting van Hollandsmediumskole voorkom. Hy het ook 'n skoolgeldheffende skool voorgestaan, die sogenaamde „Fee paying" of „Secondary School". Dié middelbare skool was nie bedoel vir na-primêre onderwys nie maar 'n skool waar die gemiddelde aantal leerlinge 20 per onderwyser sou wees, in vergelyking met 40 per onderwyser in die gewone laerskool, wat dan meer individuele onderwys moontlik sou maak. Hierdie tipe skool was bedoel vir gegoedes en wou private skole voorkom. Die fooie moes so laag moontlik gehou word, en die staat het £6 per leerling per jaar bygedra; sodoende sou die koste per kind vir die staat in „vrye" en „skoolgeldheffende" skole dieselfde wees[1].

In April 1903 is so 'n sekondêre skool, die „Krugersdorp Grammar School", inderhaas op Krugersdorp geopen.

> „A Grammar School was opened by the Education Department in a hugger-mugger hurry in April last, and nobody knew of it until a week after the opening"[2].

Om leerlinge te werf is die skool in die plaaslike koerant geadverteer[3].

---

1. Vogel: Education during the Milner-regime, 52 - 53.
2. The Krugersdorp Standard, 28 November 1903.
3. Ibid., 30 Mei en 18 Julie 1903.

e) Inspeksie.

E. Garnett, die inspekteur van skole van die Krugersdorp-Potchefstroom kring vanaf 1903, het in 1904 gerapporteer dat daar nog te veel vakke aangedurf word. Hy het die skoolwerk netjies gevind maar die spelling swak. Rekenkunde-onderwys was bevredigend maar opstelle baie swak[1].

f) Handwerk.

Die Departement van Onderwys het die noodsaaklikheid van handwerk besef en 'n tydelike werkswinkel op Krugersdorp opgerig, waar houtwerkinstruksie ontvang kon word teen betaling van 10/6 per kwartaal[2].

g) Skoolkommissie.

Onder voorsitterskap van die distriksinspekteur van skole, E. Garnett, het die skoolouers van die Krugersdorpse dorpskool op 28 Augustus 1903 hul eerste skoolkommissie gekies[3]. Op hierdie kommissie het gedien D.S. May (Voorsitter), eerw. J.W. Jordan, ds. G. Radloff en die here R.J.L. Tindall, L.R.J. Holmes, D. McCormick, Williams en G.V. Figulus, wat aandag gegee het aan skoolakkomodasie. Die skool was so vol dat meer as 100 standerd 2-leerlinge in 'n klaskamer van 30 vt. by 20 vt. saamgedrom moes word en weens 'n tekort aan banke gebruik gemaak moes word van meubels wat by die militêre kamp geleen is[4].

Ds. Radloff, wat 'n kampvegter was vir die belange van die Afrikanerkind, het die kommissie daarop gewys dat daar nie voldoende voorsiening gemaak is vir Hollands nie, want van die personeel was daar net twee wat bekwaam was om Hollands te onderwys[5].

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1904, 39.
2. Ibid., 40.
3. The Krugersdorp Standard, 22 Augustus 1903.
4. Ibid., 14 November 1903.
5. Ibid., 12 Desember 1903.

h) Onderwysers(esse).

Dit was die beleid van die Departement van Onderwys om nie onderwysers wat in die diens van die Z.A.R. en bekwaam was, te ontslaan nie[1]. Baie van hulle is selfs in die konsentrasiekampe in diens geneem[2]. Bekwame onderwysers het na die oorlog vaste benoemings verkry, selfs die wat op Kommando was[3]. Engelse $onderwysers het weliswaar baie Hollandse onderwysers wat pas voor die uitbreek van die oorlog hier aangekom het, vervang.

> „When the supply of native born teachers was exhausted, the Government brought in place of Hollanders English men and women from all quarters of the Empire. Thus the result of the evergrowing demand for camp schools was not only to create an educational force "in being" but to lead to the replacement of one set of oversea teachers by another"[4].

Van die 992 onderwysers wat in Julie 1903 in Transvaal in diens was, is 356 van Engeland afkomstig[5]. Talle van hierdie ingevoerde onderwysers(esse) was in Krugersdorp werksaam[6].

---

1. Director of Education: Public Education Report 1900 - 1904, 18.
2. C.K. Hamman, onderwyser aan die Roodepoortskool voor die oorlog, wat na die Bellevue-kamp gestuur is as krygsgevangene, skryf: „In Bellevuekamp naby Simonstad werd geleentheid gegee aan seuns wat vir die Elementary School Higher Examinations wou leer om onderwys te ontvang. Hoofonderwyser J.M.C. Kinley, verder C.K. Hamman, J. Rademeyer, Geo Malherbe, C.R. Theron, D.W.J. Schoeman, D.J. Pretorius, J.P. Besuidenhout en J.C. Bester".
3. Meegedeel deur C.K. Hamman.
4. Director of Education: a.w., 25 - 26.
   Vgl. ook Mededeling van M. Vallentgoed. Adamson wou hom geen permanente betrekking gee nie.
5. Director of Education: a.w., 26.
6. Meegedeel deur C.K. Hamman.

i) <u>Einde van die Milner-bestuur.</u>

Met die verkiesing in Engeland in Maart 1905 het die Konserwatiewe Party, wat verantwoordelik was vir die Engelse oorlog, die neerlaag gely en het die leier van die Liberale Party, sir Henry Campbell-Bannerman, wat teen die oorlog gekant was, eerste minister geword. In April 1905 het lord Milner sy amp as Goewerneur van die Kroonkolonie neergelê en plek gemaak vir 'n versiende en gematigde staatsman, lord Selborne, wat dadelik begin het met die verbreking van die knellende bande van die kroonkoloniale regeringsvorm van lord Milner[1].

Lord Milner, wat na Suid-Afrika gestuur is om alles wat Afrikaans was te vernietig[2], wat aan die landstaal geen bestaansreg gegun het nie, wie se opvatting was dat wanneer aan 'n Afrikanerkind Engels onderrig word, aan hom iets geleer word wat die moeite werd is om te ken maar dat die onderrig van Hollands aan 'n Engelse kind net 'n verkwisting van tyd was[3], wie se angliseringsbeleid was ....

> „to make English indispensible in the future and to prepare the rising generation for that state of affairs by practically compelling them to learn it"[4],

het nie in sy doel geslaag nie. By die toekenning van verantwoordelike bestuur aan Transvaal was sy kommentaar dan ook:

> „People here - not only Liberals - seem delighted, and to think themselves wonderfully fine fellows for having given South Africa back to the Boers. I think it all sheer lunacy .... It was evidently hopeless

---

1. Coetzee: <u>Onderwys in Transvaal</u>, 84.
   Bot: <u>Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal</u>, 61.
2. Basson: <u>Die Britse Voertaalvraagstuk in die Transvaalse skoolwese</u>, 48.
3. Headlam: <u>The Milner Papers</u>, Volume II, 42.
4. Ibid., 43.

from the first to try and make a good job of South Africa for the British people"[1].

3. Regeringsonderwys onder die Selborne-bestuur, 1905-1907.

a) Die Selborne-memorandum.

Sir Henry Campbell-Bannerman, wat bekend gestaan het as 'n opregte vriend van die Boere, het met die benoeming van lord Selborne as Hoë Kommissaris van Suid-Afrika 'n stap in die regte rigting gedoen om 'n beter verhouding tussen die Britse regering en die Transvaalse bevolking te skep[2]. Hoewel Selborne in sy ywer vir die Britse saak nie veel vir sy voorganger ondergedoen het nie, was hy tog meer gematig in sy blik op sake en sy optrede in verband met onderwysaangeleenthede[3]. Lord Selborne het besondere belangstelling getoon in die onderwystoestande van die land en deur persoonlike besoek eerstehandse kennis ingewin. Op 17 November 1905 het hy 'n Goewermentsmemorandum oor die onderwys met spesiale betrekking tot die onderwysbeheer uitgevaardig. Hierdie memorandum het gehandel oor[4]:

(i) verpligte laer onderwys;

(ii) adviserende skoolkommissies vir skole met meer as 60 leerlinge, met adviserende stem by die keuse en skorsing van onderwysers;

(iii) adviserende skoolrade;

(iv) benoeming van onderwysers, wat geskied deur die Direkteur van Onderwys nadat die skoolkommissie en skoolraad die applikasies oorweeg het;

(v) taalmedium, ten opsigte waarvan die gesonde beginsel van moedertaalmedium neergelê is, hoewel

---

1. Headlam: The Milner Papers, Volume 11, 534.
2. Bot: Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal, 61.
3. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 106.
4. T.O.D. Jaarverslag 1906, Bylae 11.

Hollands as voertaal net toegelaat is totdat die kinders in staat was om die onderwys deur Engelsmedium te volg en 'n bevredigende vordering in Engels 'n vereiste gebly het vir oorplasing van die een standerd na 'n ander;

(vi) regulasies wat uitgevaardig sou word.

Hoewel die Uitvoerende Raad van Transvaal instemming betuig het met die memorandum, was die volk nie tevrede nie. Die meeste Engelse was die mening toegedaan dat Selborne te veel toegegee het, terwyl die Afrikaners gevoel het dat Hollands nog 'n minderwaardige plek ingeneem het[1]. Hollands moes volgens Selborne net gebruik word om Engels te leer en Engels om alle ander dinge te leer[2].

Lord Selborne se onderwyspolitiek het bevrediging gegee ten opsigte van plaaslike beheer maar het skipbreuk gely oor die taalkwessie. Hierin kon die C.N.O.-beweging nie met die regering tot ooreenstemming kom nie, en die leiers daarvan het besluit om voort te gaan. Nog steeds is hul gesteun deur die Afrikaanse Kerke en die aan invloed toenemende politieke party „Het Volk"[3].

Spoedig na publikasie van die memorandum en goedkeuring daarvan deur die Uitvoerende Raad het lord Selborne die idees wat daarin vervat is, verder uitgewerk en dit in wetgewing omgeskep[4]. Na die inwerkingtreding van hierdie Wet aan die einde van 1905 het die Afrikanerstandpunt stadig begin veld wen, en 'n nuwe tydperk in opvoeding en onderwys is ingelui[5].

---

1. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 121 - 122.
2. Snyman: 'n Histories-kritiese studie van die Smuts-onderwyswet van 1907, 126.
3. Bot: Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal, 63.
4. Symington: a.w., 122.
5. Snyman: a.w., 237.

In Desember 1905 is Goewermentskennisgewing Nr. 1117 uitgevaardig, waarin die „Regulasies betreffende die samestelling en pligte van Adviserende Skoolkommissies en Skoolrade" gegee is[1]. Alle skole met meer as 30 leerlinge moes 'n kommissie, met 4 tot 12 lede hê, wat voor einde Maart 1906 gekies moes word. Kommissies moes minstens een keer per kwartaal vergader, en verkiesings moes jaarliks plaasvind. Skoolkommissies moes by die skoolraad aanbevelings doen in verband met sake rakende hulle skool. Elke magistraatsdistrik sou 'n skoolraad kry wat adviserend van aard sou wees en op 1 Junie 1906 in werking sou tree. Die Magistraat sou ex officio die voorsitter wees. Een-derde van die lede sou benoem word deur die Luitenant-Goewerneur en twee-derdes gekies deur die skoolkommissies van die distrik. Skoolrade moes algemene toesig oor die laerskole in die distrik uitoefen en dien as kanaal vir onderhandelings tussen skoolkommissies en die Departement van Onderwys.

Ooreenkomstig hierdie kennisgewing is in 1906 'n Adviserende Skoolraad met die assistent-magistraat as voorsitter en eerwaarde G. Weavind as sekretaris vir die Krugersdorpse wyke 1, 2 en 3 in die lewe geroep[2]. Die Raad het een jaar gedien.

In Mei 1907 is die tweede skoolraadsverkiesing deur die skoolkommissies van die plaas- en dorpskole gehou. Hierdie Raad sou ook toesig hê oor die dorpskole. Die skoolkommissies het ds. G. Radloff, eerwaarde W. Lowther, J.H. Erasmus, D. McCormick, H. Manley en A. Dieperink gekies om op die Raad te dien, terwyl die Luitenant-Goewerneur drie lede benoem het, onder wie magistraat

1. T.O.D. Jaarverslag 1906, Bylae 111.
2. Ibid., 21.

S.A. McCormick, wat ampshalwe as voorsitter opgetree het[1].

Die Skoolraad het die Departement van Onderwys geadviseer in verband met skoolaangeleenthede en het die geld wat beskikbaar gestel is as beurse vir leerlinge wat buite bereik van 'n skool gewoon het, geadministreer[2].

b) Skole in 1906.

Op 30 Junie 1906 het die volgende regeringslaerskole in die Krugersdorpse distrik bestaan:

| Skool | Gem. Inskrywing | Aantal Personeellede | Hoof. |
|---|---|---|---|
| Dorpskole[3]. | | | |
| Burgershoop | 152.2 | 5 | T. Kidd. |
| Florida | 128.7 | 4 | W.C. Nicholls. |
| French Rand | 115.5 | 3 | C. Burgoyne. |
| Krugersdorp Town School | 492 | 13 | S. Stuart. |
| Krugersdorp Church Street | 85.7 | 2 | P. Vermeer. |
| Maraisburg | 148 | 5 | Mej. Milne Langdon. |
| Randfontein | 129.3 | 4 | F.F. Williams. |
| Roodepoort | 316.8 | 10 | H.J. Carter. |
| Plaasskole[4]. | | | |
| Blaauwbank 104 | 53.2 | 2 | J.J. Smeer. |
| Doornhoek | 35.8 | 1 | H. Venter. |
| Elandsfontein 13 | 31.8 | 1 | Mej. G. Pollard |
| Hekpoort | 57.6 | 2 | N.J. Grobler. |
| Holfontein | | | Geen personeel. |
| Koesterfontein | 43 | 1 | F. v. Binnendyk. |
| Koksoord | 21.7 | | Geen personeel. |
| Kromdraai | 40.1 | 2 | E. Maas. |
| Waterval-Wes | 47.1 | 2 | I.J. Haarhoff. |
| Sekondêre skool[5]. | | | |
| Krugersdorp | 50.8 | 3 | C.S. Hand. |

1. The Krugersdorp Standard, 4. 5. 1907.
2. T.O.D. Jaarverslag 1906, 42.
3. Ibid., Bylae X.
4. Ibid., Bylae XV1.
5. Ibid., Bylaes X1 en XVIII.

F. Handel Thompson, die inspekteur van die dorpskole, het die werk in die skole byna sonder uitsondering van 'n hoë gehalte gevind en tot die oortuiging gekom dat die klassifikasie van leerlinge in 'n groot mate in die hande van die onderwysers gelaat kon word[1].

H.S. Scott, die inspekteur van die plaasskole, maak in sy jaarrapport melding van 'n interessante uitstalling van skoolwerk wat op Krugersdorp gehou is[2].

4. Christelik-nasionale skole.

a) Ontstaan.

Die staatkundige vrede van 31 Mei 1902 het by die Boerevolk nog geen vrede in die hart gebring nie. Die aggressiewe uitinge van die Britse imperialisme soos geopenbaar in die anneksasie van 1877, die Jameson-inval en die stryd van 1899 tot 1902, het gelei tot nasionale bewuswording. Na die einde van die wapenstryd het 'n kultuurstryd begin om die volkseie te bewaar[3]. As teenwig teen die angliseringsbeleid oor die algemeen en die uitskakeling van die Hollandse taal in die besonder asook die afskaffing van plaaslike beheer is Christelik-nasionale skole in die lewe geroep. Hierdie skole moes die vooroorlogse skoolwese behou, die volksbewussyn aanwakker en die Christelike volkskarakter uitbou[4].

Die Christelik-nasionale onderwys (C.N.O.)-beweging het sy oorsprong gehad by die „Vriendenkring", wat op 16 Junie 1901 gestig is deur 'n sestal Hollandse onderwysers in Pretoria. Die „Vriendenkring" het hom ten doel gestel die verskaffing van inligting aan H.J. Emous, 'n Amster-

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1906, 56.
2. Ibid., 65.
3. Basson: Die Britse invloed in die Transvaalse onderwys, 352.
4. Ibid., 356.

damse skoolhoof, omtrent die omstandighede waarin Hollandse onderwysers en hul gesinne verkeer het, en die verlening van finansiële hulp waar nodig[1].

Met skenkings wat vanaf Oktober 1901 uit Holland ontvang is, is behoeftige kollegas of hul gesinne te hulp gekom met toewysings wat gewissel het van 10s. tot £5 per maand[2].

Kort na beëindiging van die oorlog het Emous, die Boerevriend, in sy „Christelijk Schoolblad" geskryf:

> „Indien het Afrikaansche volk de taal sou prijsgeven, zo ware het ondergegaan en verzwolgen en daarom wie iets tans voelt voor de zaak der Hollandsche Afrikaners late niet na het Nationaal Onderwijs in de eigen taal met alle krachten te bevorderen. De weg daartoe is gebaand"[3a].

Die „Vriendenkring" is versoek om met behulp van bevriendes 'n organisasie of liggaam te vorm en „Vrye Christelike Nasionale" skole te open[3]. Teen die einde van 1902 het die „Vriendenkring" 'n breër kommissie gevorm: die „Algemene Kommissie tot behartiging van die Christelike Nasionale Onderwys"[4].

Met behulp van fondse van Holland en van plaaslik ingesamelde bedrae is die een na die ander C.N.O.-skooltjie geopen. In hierdie skooltjies was daar 'n herlewing van die vooroorlogse onderwys, daardie onderwys wat volgens die Republikeinse wet in 'n Protestants-Christelike gees gegee moes word; onderwys wat na die hart van die volk was en rekening gehou het met die volkstradisie, volkskarakter

---

1. Vriendenkring: Brieweboek, 40. ook V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 145.
2. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 227.

3a. V.V.O.O.Z.A.: a.w., 147 - 148.

3. Idem.
4. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 95.

en volksgodsdiens[1].

Die organisasie het so goed van stapel geloop en die omvang daarvan het so toegeneem dat dit nie deur 'n dienshoende onderwyser behartig kon word nie. Die Algemene Kommissie het hom toe self ontbind en sy werksaamhede oorgedra aan 'n Hoofkommissie vir C.N.O, wat oudinspekteur H. Visscher as sekretaris en die heer J.M.K. te Boekhorst as inspekteur van skole benoem het[2]. Alles wat moontlik is, is deur die Hoofkommissie, wat oorwegend uit leidende kerkmanne en volksleiers bestaan het[3], in medewerking met onderwysmanne gedoen om te red wat daar nog te red was, deur oral private skole op Christelik-nasionale grondslag in die lewe te roep. Die breë organisasie is hoofsaaklik waargeneem deur die Hollandse Kerke[4].

b) Die Hollandse Kerke op Krugersdorp bevorder Christelik-nasionale onderwys.

Die Kerkraad van die N.H. of G. gemeente Krugersdorp het onder leiding van ds. Radloff alles in sy vermoë gedoen om C.N.O. te bevorder. In die eerste na-oorlogse godsdiensverslag word 'n beeld gevind van die houding van die Kerkraad teenoor die onderwys: Die behoefte aan

> „een grondig godsdienstig en nationale
> opvoeding en een onderwijsstelsel, dat
> haar sou kunnen bevorderen, wordt naar
> het schijnt, nu dieper gevoelt, terwijl

1. Grogory: Die strewe van die „Council of Education" van Johannesburg vergelyk met die van die manne van Christelik-nasionaal Onderwys, 110.
   ook V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 151.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 95 - 96.
   ook V.V.O.O.Z.A.: a.w., 150.
3. Bot: Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal, 50.
   Vgl. ook V.V.O.O.Z.A.: a.w., 149 - 153.
4. Malherbe: Education in South Africa, 322.

> ons volk verarmd geworden is en hulpeloos, dan toen men de middelen bezat tot voorziening in deze behoefte. Vroeger kon men maar wilde niet, nu wil men maar kan niet. Wij oordelen het dringend noodzakelijk, dat bij de Regeering ernstig worde aangedrongen om in deze zaak recht te doen aan ons volk, en dat de ouders en gemeente opgewekt worden, dat zij al de krachten inspannen om de plechtige doopsbelofte getrouwlijk na te komen en de kerk te steunen, waar deze zich opmaakt hare roeping in dezen te vervullen"[1].

Vroeg in 1903 het ds. G. Radloff dit onder die aandag van die Kerkraad gebring dat daar weinig vooruitsigte bestaan vir samewerking met die regering en dat dit noodsaaklik sal wees om private skole op te rig met ondersteuning van die kommissie vir C.N.O. te Pretoria. Daar was 'n voorneme om 'n groot C.N.O.-skool op te rig op Hartebeesfontein 118 en dat die Kerkraad die onderneming moes steun[2].

Op 1 Februarie 1904 het die Kerkraad besluit dat

> „elke school Commissie per collectelijsten maandelijksche bijdragen bij eenbrengen door speciale collectanten"[3].

Die C.N.O.-beweging is verder bevorder toe daar later in dieselfde jaar onder leiding van kerkraadslid H. Alberts „Eene Vereeniging voor Christelijke Nationaal Onderwijs" in die distrik opgerig is[4].

In 1905 het kerkraadslid S.J.P. du Toit die Du Toitsaal op Krugersdorp vir 'n tydperk van 10 jaar afgestaan aan die Christelik-nasionale skool[5].

---

1. Kerkargief N.H. of G. Kerk Pretoria, R.R. 111, 4. Godsdiensverslae: Gemeente Krugersdorp, Verslag 1899 - 1902.
2. N.H. of G. Gemeente Krugersdorp: Notuleboek 1, Notule 23 Mei 1903.
3. Ibid., 1 Februarie 1904.
4. Ibid., 26 September 1904.
5. Skoolkommissie Kerkstraatskool: Notule 9 Sept. 1908.

Die belangstelling in die C.N.O.-skole het mettertyd begin verflou, en vir die C.N.O.-skool op Krugersdorp het dit moeilik gegaan om kop bo water te hou. Om die vuur weer aan te blaas het ds. Radloff op 29 Oktober 1905 'n rede in die kerkgebou gehou oor „Opvoeding en Onderwys". In hierdie kragtige rede het hy daarop gewys dat hoewel ons vryheid ons ontneem is, ons nog ons God, ons volk, ons nasionaliteit en ons kinders het. Die opvoeding op skool „moet zich aansluiten aan en eene voortzetting zijn van de Christelijke opvoeding in het ouderlijk huis ontvangen"[1]. Teen die goewermentskole is daar besware, besware teen die gees van die skole, verwaarlosing van Bybelse geskiedenis, vaderlandse geskiedenis en ons taal asook teen die benoeming van skoolkommissies. In die C.N.O.-skole egter is „Gods Woord de richtsnoer bij het onderwijs. Onze taal en geschiedenis worden in eere gehouden"[2].

Vanaf die begin van 1903 het die Gereformeerde Gemeente Krugersdorp besondere aandag gegee aan die oprigting van C.N.O.-skole. Uit die notules blyk dat die gemeente die C.N.O.-beweging heelhartig gesteun het. Die gemeente het selfs besluit dat elke lidmaat jaarliks tot die fondse van C.N.O. moes bydra. Die Kerkraad het hulle uiterste bes gedoen om vrye Christelike skole in elke wyk op te rig[3].

Ons kon nie presies vasstel wanneer en waar die verskillende C.N.O.-skole geopen is nie.

Die eerste skool wat 'n subsidie van die „Vriendenkring" ontvang het, was in hierdie distrik, te wete die

1. De Vereeniging, 16.11.1905: Berig uit Krugersdorp.
2. Idem.
3. Notulenboek der Gereformeerde Gemeente te Krugersdorp Z.A.R., 7.2.'03, 8.2.'03, 2.10.'03, 28.11.'03, 12.8.'04, 13.10.'06.

skool van H. van Putten op Witfontein. Die „Vriendenkring" het besluit om die skool te steun met 'n maksimum subsidie van £8 per maand solank die skoolgelde minder as £4. 10. 0 bedra. Namate die bydraes van ouers bo die bedrag styg, sou die subsidie van die „Vriendenkring" verminder word[1].

Aan die begin van 1903 het daar 'n C.N.O.-skooltjie bestaan op Steenekopjes met J. van Leeuwen as onderwyser[2].

In Februarie 1903 het R. van Mazyk 'n C.N.O.-skool geopen op Weltevreden. Dit het staande gebly tot 1907, toe dit 'n goewermentskool geword het[3].

N. Vallentgoed, onderwyser op Driefontein voor die uitbreek van die oorlog, het na sy terugkeer uit krygsgevangenskap in Indië 'n C.N.O.-skool in sy ou skoolgebou geopen. Van 1903 - 1905 het hy daar diens gedoen as C.N.O.-onderwyser en toe nog 'n jaar lank in dieselfde hoedanigheid in die Moot op Hartebeestfontein[4]. Hy is op Driefontein opgevolg deur H. van Putten[5].

---

1. Vriendenkring: Brieweboek, 23.8.'02.
2. Notulenboek der Gereformeerde Gemeente te Krugersdorp, 7.2.'03.
3. Meegedeel deur R. van Mazyk.
4. Meegedeel deur N. Vallentgoed.
   N. Vallentgoed het deur bemiddeling van die Nederlands-Afrikaanse Vereniging in 1896 na Suid-Afrika gekom om onder kontrak vir vyf jaar die buite-onderwys te dien. Sy skooltjie op Driefontein is op 27 September 1899 gesluit. Hy het by die Krugersdorpse kommando aangesluit, is saam met hul na Natal en is later krygsgevangene geneem. Nadat hy as C.N.O.-onderwyser diens gedoen het, was hy van 1908 tot 1910 in 'n tydelike hoedanigheid werksaam as assistent in Hollands aan die skole op Elandsvlei en Brandvlei. Adamson wou hom geen permanente betrekking gee alvorens hy in Engels eksamen afgelê het; daarom het hy toe ongeveer twee jaar geboer en vanaf 1912 in die Vrystaat gaan onderwys gee.
5. Meegedeel deur mev. C.M. du Toit (weduwee van J.F. du Toit).



R.van Mazyk.



J.F.du Toit met  sy C.N.O.-klas op Rietvlei.

In 1903 is daar 'n C.N.O.-skool geopen op Koesterfontein deur J. van Binnendyk; een op Rietfontein deur B. Alberts en ook een op Krugersdorp deur P. Vermeer[1]. In dieselfde jaar het Jochem van Bruggen een geopen op Steenkoppies[2]. Hy was ongeveer agtien maande aan die skool werksaam, toe hy opgevolg is deur C.J. Blom[3].

Na sy terugkeer as krygsgevangene het J.F. du Toit 'n C.N.O.-skool op Rietvlei 79 geopen, wat staande gebly het tot die einde van Junie 1907[4]. Onderwyser Du Toit het self die skooltjie gebou, wat net twee vensters gehad het en 'n kleivloer wat met perskepitte versterk is. Van populierlatte het hy bankies vir die kinders gemaak[5].

Aan die einde van 1903 was daar 8 C.N.O.-skole in Krugersdorp: een op die dorp en sewe in die buitewyke, met 10 onderwysers en 250 leerlinge. Die meeste kinders het na die goewermentskole met hulle vry onderwys gegaan. Sommige van die regeringskole het nogal voldoening gegee omdat

> „zij onderwijzers aan't hoofd hebben, die door de ouders begeerd werden en die onze taal en godsdienst handhaven'[6].

In 1904 het die private skool wat F.W.A. Mulder op Hartebeestfontein 118 geopen het, 'n C.N.O.-skool geword. Die ouers het 'n netjiese gebou opgerig waar twee onderwysers onderwys gegee het. Hierdie skool was die sterkste C.N.O.-vesting in die distrik. Die skool het onder Japie

---

1. Notulen der Gereformeerde Gemeente Krugersdorp, 28. 11. '03.
2. Idem.
3. Bekker: Onderwys in die Bo-Moot ..., 72.
4. Meegedeel deur R. van Mazyk en mev. C.M. du Toit.
5. Meegedeel deur mev. C.M. du Toit.
6. Kerkargief N.H. of G. kerk Pretoria, R.R.111, 4. Godsdiensverslag: Gemeente Krugersdorp, Kerkvisitasie 1903.

Malan, die opvolger van Mulder, voortbestaan tot tydens die Rebellie, toe dit gesluit is[1]. Die Gereformeerde Kerk op Krugersdorp het die skool tot by sluiting finansieel gesteun[2].

In dieselfde jaar het J.J. Smeer 'n C.N.O.-skool geopen op Hekpoort, waar hy werksaam was tot die einde van 1905[3].

Die Moot het heelparty C.N.O.-skole gehad. Verskillende skole daar het egter 'n wisselende bestaan gehad weens gebrek aan fondse en teenkanting van staatsweë.

Op Hartebeestfontein, Hekpoort, Bultfontein en Damhoe[k] het ook nog diens gedoen as C.N.O.-onderwysers: Nic. van der Walt, mej. Johanna van Biljon, Chris. Swanepoel, B.C. Lottering, J. Norval[4], N. Vallentgoed, Hoogewind, H. Wolmarans en A.H. Heunis[5].

Teen die einde van 1904 was daar binne die gemeentel[ike] grense van die Krugersdorpse N.H. of G. Kerk 'n 15-tal C.N.O.-skole met ongeveer 400 kinders en 16 onderwysers[6]. Die jaarverslag van dieselfde gemeente noem aan die einde van 1905 slegs 6 C.N.O.-skole met 7 onderwysers en 205 leerlinge teenoor 10 goewermentskole met 27 onderwysers [en] 960 kinders[7]. Hierby moet genoem word 2 C.N.O.-skole ... 5 goewermentskole onder die Roodepoortse gemeente, wat [...]

---

1. Meegedeel deur mev. M.C. Mulder (weduwee van P.W.A. Mulder)
2. Notulen der Gereformeerde Gemeente Krugersdorp, 12.8.'04, 13.10.'06, 9.4.'09, 8.4.'10, 12.1.'12, 10.1.'13, 26.12.'13, 3.4.'14, 1.5.'15.
3. Meegedeel deur J.C. Human Smeer.
4. Bekker: Onderwys in die Bo-Moot ..., 72.
5. Meegedeel deur M.H.O. Kloppers.
6. Kerkargief N.H. of G. Kerk Pretoria, R.R. 111, 5 Godsdiensverslag: Gemeente Krugersdorp, 1904.
7. *Ibid., 1905.*

tevore afgestig is[1].

Solank daar voldoende belangstelling en middele was, het C.N.O. gegroei, maar mettertyd het die belangstelling van o.a. die leiers generaals Botha en Smuts begin verflou en het die geld in 1906 so skraal geword dat die skole gekwyn het en verskillende onderwysers, deur die nood gedryf, verplig was om na die goewermentskole oor te stap[2].

In Mei 1906 het die C.N.O.-skool op Krugersdorp 'n goewermentskool geword en het die enigste C.N.O.-vesting op die dorpe in die Krugersdorpse distrik van die toneel verdwyn[3].

c) C.N.O.-skole word goewermentskole.

Die C.N.O.-skole is in die lewe geroep ter wille van rassebehoud en nie ter wille van rassehaat nie. In die stryd het die Hollandse Kerke hartlik saamgewerk, nieteenstaande daar meningsverskil bestaan het oor die doel van die skole. Waar die Gereformeerde Kerk en V.V.O.O.Z.A. aan die een kant van mening was dat dit vaste instellings moes wees wat slegs staatsteun ontvang het, wou die Hoofkomitee van „Het Volk" en die N.H. of G. Kerk aan die anderkant weer dat dit tydelike inrigtings sou wees om die C.N.O.-beginsels uit te voer en na die staatskole oorgeplaas kon word sodra die Staat die beginsels aanvaar [4].

Op 6 Desember 1906 is aan die Transvaal verantwoordelike bestuur toegeken. Vroeg in 1907 is die eerste verkiesing vir die Parlement gehou en die Hollands-Afrikaanse

---

1. Kerkargief N.H. of G. Kerk Pretoria, R.R. 111, 5. Godsdiensverslag: Gemeente Roodepoort, 1905.
2. Gregory: Die strewe van die „Council of Education" van Johannesburg, vergelyk met die van die manne van Christelik-nasionale Onderwys , 115.
3. T.O.D. Jaarverslag 1906, Bylae X.
4. Snyman: 'n Histories-kritiese studie van die Smuts-Onderwyswet van 1907, 123 - 124.

seksie van die bevolking het die bewind in die hande gekry. Generaal Louis Botha het Eerste Minister geword en generaal J.C. Smuts die Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys[1].

Dadelik na sy benoeming het generaal Smuts op verskillende plekke openbare vergaderings toegespreek oor die onderwysvraagstuk en 'n onderwyswet belowe wat albei die seksies tevrede sou stel. In volle vertroue op hierdie beloftes het die C.N.O.-beweging hulle aksie beëindig. Op 1 Mei 1907 is sekretaris H. Visscher aangestel in die Departement van Onderwys en spesiaal belas met die oorname van C.N.O.-skole[2].

Op 1 Julie 1907 het die volgende skole by die openbare stelsel ingeskakel[3]:

| | |
|---|---|
| Blaauwbank 41, | Rietvlei 89, |
| Driefontein 81, | Witfontein 29, |
| Hartebeestfontein 118, | Weltevreden 78. |
| Rietfontein, | |

Spoedig het ook bygekom[4]:

Elandsvlei 23 op 28. 1. '08,
Tweefontein 76 op 23. 7. '07,
Sterkfontein 68 op 8. 10. '07,
Bultfontein 120 op 21. 1. '08.

d) Onderwys in die C.N.O.-skole.

(i) Onderwysers.

Wanneer daar aansoek gedoen is om 'n subsidie, is die aansoeker voorsien van „Een reglement voor Hollandse Buitenscholen", „Een salarisregeling" en „Een lijst ter

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 98.
   Walker: A history of South Africa, 519.
2. Coetzee: a.w., 119.
3. T.O.D. Jaarverslag 1908, Lys van skole: Witwatersrand-Wes- en Witwatersbergse Skoolraad.
4. Ibid.

invulling". Eers na die ingevulde lys terug ontvang is, kon besluit word of 'n subsidie toegeken kon word[1]. Uit hierdie vorm het dit dan geblyk of die aansoeker 'n gekwalifiseerde of erkende onderwyser was, of daar die vereiste minimum leerlinge bo 6 jaar (15 vir 'n wykskool en 30 vir 'n dorpskool) sou wees, ens.[2]. Benoeming het geskied deur die skoolkommissie met bekragtiging deur die Distrikskommissie[3]. Ongesertifiseerde of nie-erkende onderwysers het geen steun ontvang nie[4].

Die dienstyd in die C.N.O.-skole was vir die meeste onderwysers en veral vir die getroudes 'n tydperk van beproewing. Weens swak salarisse moes 'n armoedige bestaan gevoer word, en daarbenewens moes hulle offisiële en ander teenkanting, spot en geringskatting verduur, maar hulle het hul beginsel liewer gehad as posisie en op die ingeslane weg voortgegaan[5]. Baie is deur die inspekteurs van regeringskole genader om liewer in die goewermentskole met veel groter salarisse diens te doen.

> „Het zoveelmaal groter salaris was echter in de meeste gevallen geen krachtig genoeg lokaas"[6].

Dit het egter van 'n onderwyser moed en volharding geverg om in die C.N.O.-skool aan te bly, want benewens staatsteenkanting en 'n karige salaris was sy posisie onseker en

1. Vriendenkring: Brieweboek, 324. Sekr. Vriendenkring aan P.W.A. Mulder, 11 Des. 1902. 266. Brief aan Jno Smeer, 10 November 1902.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 96.
3. Basson: Die Britse invloed in die Transvaalse Onderwys, 433.
4. Vriendenkring: a.w., 229. Brief aan C. van Veyeren.
5. V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 152.
6. Ibid., 154.

was daar geen hoop op 'n verbeterde toestand nie. Sy leerlinge moes hoë skoolgelde betaal, skoolbenodighede moes teen gewone pryse aangekoop word, en die geboue, meubels en leermiddele was van 'n gehalte wat deur 'n verarmde volk voorsien kon word. Die regeringskool weer het ruime finansiële steun geniet; die leerkragte is goed besoldig, hul posisie was seker, en daar was geleentheid vir bevordering. Die onderwys was vry, skoolbenodighede is gratis verskaf, en goeie geboue sowel as leermiddele is voorsien[1].

Omdat die Departement van Onderwys 'n aantal C.N.O.-onderwysers wat nie gekwalifiseerd was nie, gebruik het as wapen om die minderwaardigheid van die C.N.O.-skole te probeer bewys, is 'n Raad van Eksaminatore benoem wat die derdeklas onderwyserseksamen afgeneem het. Die standaard hiervan was so hoog dat die sertifikate later deur die Onderwysdepartement erken is[2].

(ii) Leerplanne.

Die C.N.O.-skole is op 'n hegte grondslag opgerig. 'n Algemene leerplan is in September 1903 gepubliseer, wat baie gunstig vergelyk het met die offisiële „Provincial Code of Regulations for Elementary Schools". Die onderwys moes gegee word in 'n Protestants-Christelike gees, en die verpligte leervakke was: Bybelse Geskiedenis, Aanskouingsonderwys, Hollands lees, Nederlandse taal, Skryf, Rekene, Sang, Resitasie en Geskiedenis en Aardrykskunde van Suid-Afrika. 'n Grondige bestudering van Engels is as noodsaaklik geag en maksimum ure per dag is daarvoor vir die verskillende standerds aangegee. Die

---

1. Basson: Die Britse invloed in die Transvaalse Onderwys, 435.

2. V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 154.
Malherbe: Education in South Africa, 322.

voertaal was Hollands tot standerd 3, daarna moes beide tale op 'n gelyke voet gebesig word[1].

(iii) Inspeksie.

Aanvanklik is die predikante van die Hollandse Kerke gevra om die skole in hul gemeentes te inspekteer en rapport te doen aan die Hoofkommissie[2]. Op 31 Mei 1905 is J.M.K. te Boekhorst, 'n oud-inspekteur van skole, benoem tot inspekteur van C.N.O.-skole. Hy het 'n baie moeilike taak gehad, want hy moes benewens die inspeksie van byna 250 skole ook help met die organisasie van die Beweging[3]. Dikwels moes hy groot afstande te voet aflê, want

> „er waren nog weinig private rijtuigen en zijn zalaris liet hem niet toe kar en paarden aan te houden"[4].

Die werk wat in die C.N.O.-skole gedoen is, was gelykstaande aan die van die goewermentskole en soms selfs van 'n uitmuntende gehalte[5].

---

1. Basson: Die Britse invloed in die Transvaalse Onderwys, 432.
2. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 258.
3. Ibid., 282.
4. V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 157.
5. Malherbe: Education in South Africa, 322 - 323. Vgl. ook V.V.O.O.Z.A.: t.w., 154.



T.C.Stoffberg.



P.W.A.Mulder stigter van 'n C.N.O.-
skool op Hartebeestfontein 118.